**3 Maart** **Skrifgedeelte: Matteus 17:9-13**
**Fokusgedeelte: Matteus 17:9, 11(b)**

## Die verdwaasde dissipels moet swyg

Hoe swyg 'n mens oor so 'n gebeurtenis wat pas op die berg van verheerliking plaasgevind het toe Jesus as die Messias met hemelse heerlikheid beklee is? Daarby het die stem uit die hemel meegewerk om dit onvergeetlik te maak.

Terwyl hulle van die berg afkom, beveel Jesus sy dissipels om te swyg oor dit wat hulle gesien het. Twee dinge is vir die dissipels onverstaanbaar: om te swyg oor dit wat hulle pas belewe het, en dat die Seun van die mens uit die dood opgewek gaan word. Hoe kan hulle hieroor stilbly? Verder, as Jesus sê dat Hy uit die dood opgewek gaan word, beteken dit tog ook dat Hy gaan sterwe – en dit verstaan hulle nie. Dit is vir hulle slegte nuus. Al waarvan hulle weet, is die opwekking van die dooies op die laaste dag (vgl. Joh 11:24).

Wat hulle nie besef nie, is dat Jesus ook sal moet ly voordat Hy sterwe. In hulle verdwaasdheid verwys die dissipels na die Skrifgeleerdes wat leer dat Elia eers moet kom as 'n herstel van Israel en as 'n voorbereiding vir die Messias. Verwysende na Johannes die Doper sê Jesus daarop vir hulle dat Elia reeds gekom het en dat hy deur die volk misken is, dat hy gevang en doodgemaak is deur Herodus Antipas (vs 3). Dan sê Jesus die belangrike woorde (vs11): "So sal ook die Seun van die mens deur hulle mishandel word."

Wat het ons hier? Na die hoogtepunt op die berg van verheerliking volg die bevestiging van Jesus teenoor sy dissipels dat sy lyde en sterwe op hande is. Dit wou hulle nie hoor nie.

*Sing: Skrifberyming 5-3:2* *Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*